

**24 Januarie**

## **Die vrugte van die Gees**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 5:13-26**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22**

Die afsluiting van die 20<sup>ste</sup> eeu in Suid-Afrika was veronderstel om die afsluiting van politieke, ekonomiese en sosiale onderdrukking te wees. Die juigkreet van die 21<sup>ste</sup> eeu is bevryding. Vryheid is vir die moderne mens die reg om te maak wat hy wil, veral om hom geestelik en emosioneel van die wil van God los te maak. Daarom word hierdie soort vryheid 'n toename in intensiteit van sy knegskap en verslawing. Dit is 'n oorgawe aan die duiwel om sy wil te doen, om die Gees van God te weerstaan en sy werking uit te doof. Vir die moderne mens is vryheid om vry te wees van God. Daarom vertoon hy ook al die kenmerke van hierdie soort vryheid: afguns, moord, dronkenskap, ensovoorts (vs 21).

Paulus beskryf daarenteen vir ons die ware vryheid: dit is om deel te hê aan die bevryding van Christus, om van die oorheersing van die duiwel vry te wees, om met Christus oor die duiwel en die sonde te triomfeer. Hierdie vryheid is om, onder leiding van die Heilige Gees, die vryheid in Christus te beleef en die kenmerke daarvan, naamlik liefde, blydschap, vrede, ensovoorts (vs 22) in die lewe te vertoon.

In ons moderne tyd word die stryd teen die valse vryheid al groter, maar hy wat die vryheid in Christus ontvang het, geniet die vrugte daarvan en vertoon dit in sy lewe.

*Sing: SB 2-4:3*

*Dr. Marius Aucamp (Durban)*